

JAG MET HONDE

*Regsopinie deur Annelize Crosby, Agri SA Regs- en Beleidsadviseur
November 2016*

Die RPO het versoek dat hulle voorsien word van 'n uiteensetting van die regsposisie met betrekking tot jag met honde en die remedies wat tot beskikking is van landbouers op wie se plase onwettig gejag word. Die jag met honde is skynbaar 'n groterwordende problem. Dit blyk dat jag met honde 'n sport geword het in Suid-Afrika en dat sogenaamde taksie-jagtogte dikwels gereël word waar wild op georganiseerde basis met jaghonde, wat dikwels ten duurste gekoop is deur die eenaars, gejag word.

Hieronder volg 'n kort uiteensetting van die regsposisie:

1. Status van diere in die reg

Diere word in ons reg beskou as sake wat in sekere gevalle in eiendom besit kan word. Wilde diere word in ons reg as "res nullius" beskou, met ander woorde sake wat aan niemand behoort nie, maar wat dmv fisiese beheer toege-eien kan word in eiendomsreg. Vee en troeteldiere behoort normaalweg aan iemand en geniet beskerming as die eiendom van sodanige eenaar, maar nie in eie reg nie. Daar bestaan wel sekere wetgewing oos natuurbewarings-ordonnansies wat wilde diere tot 'n mate beskerm – veral sekere spesies wat as bedreig beskou word. Dan is daar natuurlik ook anti-wreedheidwette soos die Dierbeskermingswet wat sekere optredes teenoor diere verbied en strafbaar maak.

2. Beheer oor diere

Omdat mak diere as eiendom beskou word, word daar van die eenaar verwag om behoorlike beheer oor sy / haar diere uit te oefen om sodoende te verhoed dat daardie diere skade doen of 'n steurnis vir ander mense veroorsaak. Daarom kan 'n persoon wat skade ly as gevolg van 'n dier wat aan iemand behoort, 'n skadevergoedingsaksie teen die eenaar instel indien die eenaar se nalatigheid, deur bv nie 'n gevaarlike hond op sy/haar erf te hou nie, instel. Daar is selfs aksies waar ' eenaar skadeloos aanspreeklik gehou kan word, soos die ou Romeinsregtelike "actio

de pauperie”, waarvolgens ‘n eenaar aanspreeklik kan wees vir skadevergoeding, selfs al was hy / sy nie nalatig nie. Die aksie is gebaseer op die konsep van die redelike dier wat teen sy natuur opgetree het.

Die meeste munisipaliteite het munisipale regulasies wat van toepassing is op die beheer van troeteldiere. Gewoonlik bepaal sodanige regulasies dat slegs ‘n sekere aantal honde / katte per erf aangehou mag word, dat erwe behoorlik omhein moet wees en dat diere wat uit hul erwe geneem word op ‘n leiband of andersinds onder beheer van die persoon in beheer van so dier moet wees. Honde moet ‘n halsband en identifikasie-skyfie dra sodat die eenaar identifiseerbaar is en mag nie rondloop op openbare of privaatgrond van ander persone nie. Nie-nakoming van die bepalings van sodanige regulasies is strafbaar. Die betrokke honde kan ook geskud word.

3. Relevante wetgewing

Daar bestaan verskeie wette wat van toepassing kan wees op ‘n situasie waar daar onwettig met honde op ‘n plaas gejag word. Dit sluit die volgende in:

- Die Wet op Oortreding, no 6 van 1959 – in terme van hierdie wetgewing is die betreding van eiendom sonder toestemming ‘n misdryf en kan ‘n kriminele klag teen die betreder gelê word;
- Die Dierebeskermingswet, no 71 van 1962, wat bepaal dat dit ‘n misdryf is om ‘n dier bloot te stel aan ‘n aanval deur ‘n ander dier of ‘n wilde dier;
- Die Wet op Veediefstal, no 57 van 1959 wat bepaal dat dit ‘n misdryf is om op grond te kom met die bedoeling om vee te steel;
- Die Wet op Diefstal van Wild, no 105 van 1991 bevat soortgelyke bepalings aan die Veediefstalwet;
- Provinsiale Natuurbewaringsordonnansies:
 - Die Wes-Kaapse Natuurbewaringsordonnansie, no 9 van 1974 verbied in artikel 29 daarvan jag met honde en in artikel 40 die jag van wilde diere op ‘n ander persoon se grond;

- Die KwaZulu -Natal natuurbewarings ordonnansie, no 15 van 1974 maak dit 'n misdryf om op grond te oortree en te jag. Die ordonnansie magtig verder die eienaar of okkupeerder van die grond om 'n hond, wat nie onder die onmiddellike beheer van sy eienaar is nie en wat wild jaag, sumier van kant te maak;
- Die Noordkaapse natuurbewaringsordonnansie, no 9 van 2009, verbied ook jag met honde (behalwe om voëls op te jaag). Die ordinansie maak verder voorsiening vir die doodmaak deur die grondeienaar, van 'n sogenaamde "vagrant" hond wat wilde diere jag of skade aan vee veroorsaak en wat nie onder direkte toesig is nie.. Die definisie van 'n "vagrant dog" is 'n hond wat oortree op grond en nie onder beheer is van sy eienaar of 'n persoon deur die eienaar gemagtig om beheer oor die hond uit te oefen nie.
- Die natuurbewaringsordonnansies van Gauteng, Noordwes, Mpumalanga, Limpopo en die Vrystaat bevat almal bepalinge wat die polisie en amptenare van natuurbewaring magtig om honde waarmee onwettig gejaag word te dood of op hulle beslag te lê.

4. Remedies vir landbouers

Die remedies wat tot beskikking is van vee- of wildboere wat skade ly as gevolg van rondloperhonde is dus die volgende:

- Die lê van klagtes van betreding;
- Die lê van klagtes van wreedheid teenoor diere in terme van die Dierebeskermingswet;
- Die lê van klagtes in terme van die Wet op Veediefstal of die Wet of Wild-diefstal;
- Die lê van klagtes in terme van natuurbewaringsordonnansies;
- Die lê van 'n klag in terme van die betrokke munisipale regulasies, sodat die munisipaliteit kan optree;
- Die instel van 'n skadevergoedingsaksie teen die eienaar van die hond indien die eienaar bekend is. Dit kan geskied of op die basis van nalatigheid of

- skuldlose aanspreeklikheid waar daar aan die vereistes van die “actio de pauperie” voldoen word;
- Die skiet van die honde in ‘n situasie van noodweer.

Die Polisie beveel aan dat honde waar moontlik gevang en aan die Dierbeskermingsvereniging oorhandig moet word. Dit is riskant vir ‘n grondeienaar om honde te skiet, alhoewel sommige van die natuurbewaringsordonnansies dit wel magtig. Grondeienaars is regtens gemagtig om te skiet wanneer hulle in noodweer optree om hulle eiendom te beskerm.

Die vereistes vir ‘n suksesvolle beroep op noodweer is die volgende:

- ‘n Regsbelang in die vorm van lewe of eiendom moet bedreig word;
- Daar moet ‘n noodsituasie bestaan met ‘n onmiddellike bedreiging;
- Die dreigende noodsituasie moet spruit uit onregmatige optrede;
- Die optrede moet noodsaaklik wees om die dreigende gevaar aan te spreek;
- Die skade veroorsaak deur die optrede moet nie buite verband wees met die belang wat beskerm word nie.

Die grense van noodweer kan oorskry word in welke geval ‘n grondeienaar nie sal slaag met sodanige verweer in ‘n skadevergoedingsaksie deur die hond se eienaar nie en kan selfs onder sekere omstandighede die grondeienaar blootstel aan vervolging. Die regverdiging van besluit om ‘n hond te skiet sal van die omstandighede van elke geval afhang. Die hond moet op daardie oomblik ‘n gevaar inhou vir vee of wild, as die onmiddellike gevaar nie bestaan of meer bestaan nie, sou dit nie geregverdig wees om in noodweer op te tree nie.

Samewerking tussen die Polisie, Natuurbewaring, die Dierbeskermingsvereniging en munisipaliteite word sterk aanbeveel.

Vuurwapens moet natuurlik te alle tye op ‘n verantwoordelike wyse gebruik word – die onverantwoordelike gebruik van ‘n vuurwapen kan daartoe lei dat ‘n persoon onbekwaam verklaar word om ‘n wapen te besit.